



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2015

**GESKIEDENIS V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

- 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke van die vrae, die meegaande historiese vaardighede en gewigte van die vrae is gebruik om brongebaseerde vrae te evalueer.

KOGNITIEWE VLAKKE	GESKIEDENISVAARDIGHEDE	GEWIGTE VAN DIE VRAE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit bronne. • Seleksie en organisasie van relevante inligting uit die bronne. • Definieer geskiedkundige begrippe. 	30% (15)
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van bewyse uit die bronne. • Verduidelik inligting versamel uit die bronne. • Ontleed bewyse uit die bronne. 	40% (20)
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer bewyse uit die bronne. • Betrokke te raak met bronne sy nut, betroubaarheid, partydigheid en beperkings vas te stel. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne en teken onafhanklike gevolgtrekkings. 	30% (15)

- 1.2 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae te assesseeer.

<ul style="list-style-type: none"> • By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde. • In die toekenning van punte moet klem gelê op hoe die vereistes van die vraag voldoen is. • In die nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) sowel die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
--

2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

VLAKKE VAN VRAE
Vlak 1 <ul style="list-style-type: none"> • Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die langvraag uiteen gesit word. • Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse, en gebruik die bewyse om 'n gevolgtrekking te bereik.

Vlak 2

- Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.
- Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.
- Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument bou.

2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- **NASIENERS MOET LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY DIE BETROKKE SENTRUM GEBRUIK WORD.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER RELEVANTE INLEIDING EN/OF GEVOLGTREKKING AS DIE WAT IN 'N SPESIFIEKE UITGEBREIDE SKRYFWERK RIGLYNE VIR 'N SPESIFIEKE NASIEN VAN OPSTELLE GEE.**
- **BY DIE ASSESSERING VAN DIE OOP BRONGEBASEERDE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORDE.**


Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal). Hierdie benadering vereis die opvoeder die totale produk as 'n geheel **sal bepunt sonder om die samestellende dele afsonderlik**. Hierdie benadering moedig die leerder aan 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Die leerder sal nie vereis word om slegs "feite" om 'n hoë punt te behaal nie, te herhaal nie. Hierdie benadering ontmoedig leerders ook om "modelantwoorde" voor te berei en te reproduseer sonder inagneming van die spesifieke vereistes van die vraag. Holistiese uitgebreide skryfwerk gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Holistiese assessering, anders as in inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoeikendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:

- **Die konstruksie van 'n argument**
- **Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun**
- **Die leerder se interpretasie van die vraag**



Assessering van uitgebreide skryfwerk

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
2. Gedurende die eerste lesing van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/ memorandum) elk van die belangrikste punte/aspekte wat behoorlik gekontekstualiseer (ook aangedui deur koeëls in die riglyne vir nasien / memorandum) en 'n relevante gevolgtrekking (Aangedui deur 'n kolpunt in riglyne vir nasien/memorandum aangedui), bv. In 'n antwoord waar is daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:
 - Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer
 - Verkeerde stelling
 - Irrelevante stelling
 - Herhaling
 - Ontleding
 - Interpretasie



4. Die matriks

4.1 Gebruik van 'n analitiese matriks in die nasien van uitgebreide skryfwerk (Verwys na die aangehegte matriks).

	VLAKE 7	VLAKE 6	VLAKE 5	VLAKE 4	VLAKE 3	VLAKE 2	VLAKE 1
AANBIEDING 	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
INHOUD 							
VLAKE 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAKE 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAKE 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAKE 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAKE 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAKE 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAKE 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

- 4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om te bepaal die **inhoudsvlak** (op die matriks).

C	VLAK 4	

- 4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die van die **aanbieding**).

C	VLAK 4	
P	VLAK 5	

- 4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

C	VLAK 4	30 – 33
P	VLAK 5	

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE DIE KOUE OORLOG SPANNING TUSSEN DIE VSA EN DIE SOWJETUNIE VERSKERP?**

1.1 1.1.1 *[Omskrywing van historiese begrippe vanuit Bron 1A – V1]*

Beleid van inperking

- Beleid van die VSA om die verspreiding van kommunisme in die wêreld te beperk
- Om die USSR te verhoed om haar sfeer van invloed te versprei
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Europa grotendeels deur oorlog verwoes
- Mense het gely
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1A – V2]*

- Om te verhoed dat Europa gebruik word vir Russiese uitbreiding
- Om Europa te versterk
- Om enige ondersteuning vanaf die Sowjetunie teen te werk
- Die heropbou van na-oorlogse ekonomieë
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Wou nie hê dat Sowjet-satellietstate die Marshall-plan moet aanvaar nie
- Het die Cominform en Comecon gestig
- Verwys na dit as “dollar diplomatie”
- Ontslae geraak van leiers met eie onafhanklike gedagtegang
- Enige ander relevante antwoord (3 x 1) (3)

1.1.5 *[Interpretasie, analise en evaluering van bewyse vanuit Bron 1A om mening te vorm – V2]*

Daar word van kandidate verlang om ’n standpunt in te neem en aan te dui of Stalin geregverdig was of nie en hul standpunte te ondersteun met redelike argument. Kandidate verdien nie punte as hulle slegs GEREGERDIG of NIE-GEREGVERDIG skryf nie.

GEREGVERDIG

- Hy het Russiese belange beskerm
- Stalin het gevrees dat sy gesag ondermyn sou word
- Die finansiële bystand kan gebruik word om die Sowjet-satelliet state te domineer om kommunisme op te gee
- Om die toekoms van kommunisme te beskerm
- Enige ander relevante antwoord

OF

NIE-GEREGVERDIG

- Stalin ondermyn ander nasies se reg tot keuse
- Hy het lande gedwing om sy beleid te aanvaar
- Rusland het haar satellietstate gedomineer
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Die Berlynse Blokkade was die eerste ernstige krisis van die Koue Oorlog (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1B – V2]*

- Om die Weste te dwing om Berlyn te verlaat
- Om alleen beheer te hê oor die hele stad van Berlyn
- Om vir die Weste te wys dat hy in beheer is en om hulle pogings te frustreer
- Om die ontwikkelende kontras tussen kapitalistiese Wes-Berlyn en kommunistiese Oos-Berlyn te verhoed
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.3 *[Interpretasie en analise van inligting vanuit Bron 1B – V2]*

- Beide bronne verwys na die Berlynse Lugbrug
- Die geskrewe bron verwys na die vliegtuie terwyl die visuele bron die vliegtuie wat na Wes-Berlyn vlieg uitbeeld
- Die geskrewe bron noem die vliegtuie wat voorraad na Wes-Berlyn bring terwyl die visuele bron 'n vliegtuig uitbeeld wat 'n vrag in die stad van Berlyn afgooi
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Wes-Berlyn was van voorraad op 'n daaglikse basis voorsien
- 'n Gemiddelde van 5 000 ton voorraad was daaglik afgelewer
- Die Sowjetregering het die blokkade opgehef (3 x 1) (3)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- Sommige mense verstaan nie die konflik tussen kapitalisme en kommunisme nie
- Dat die kapitaliste saam met die kommuniste sou kon werk
- Dat mense kommunisme kon verdra (3 x 1) (3)

1.3.2 *[Interpretasie en analise van inligting vanuit Bron 1C – V2]*

- Die oprigting van die muur was 'n belediging teen die menseregte van die mense van Berlyn
- Die internasionale erkende reg tot vryheid van keuse was geskend deur die muur
- Daar was geen plek vir die muur binne die konteks van 'n vry wêreld.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1C – V2]*

- Mense regoor die wêreld was trots om met Berlyn geassosieer te wees
- Ten spyte daarvan dat dit vir baie jare onder bedreiging was het Berlyn 'n stad van ongekende vasbeslotenheid gebly
- Hy het geglo dat die Duitsers die reg verdien het om vry te wees
- Enige ander relevante antwoord (1 x 3) (3)

1.4 *[Interpretasie, evaluering en vergelyking van bewyse vanuit bronne 1B en 1C – V3]*

- Beide bronne is skepties oor die manier hoe Rusland sy gesag afdwing
- In Bron 1B gebruik die Weste 'n lugbrug om die Sowjetblokkade te ontduik en in Bron 1C verklaar Kennedy die Berlynse-muur as 'n oortreding teen die mensdom
- Beide bronne gee voor dat hulle vryheid, vryheid en demokrasie vir almal beskerm
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.5 *[Paragraaf – interpretasie, analise en sintese van inligting vanuit bronne 1A, 1B en 1C – V3]*

- Die bekendstelling van die Marshall-plan het konflik veroorsaak (Bron 1A)
- Die Sowjetunie was bedreig deur die VSA se inbraak in Oos-Europa (Bron 1A)
- USSR wou wys dat hulle in beheer was in Berlyn.
- USSR het die Berlynse blokkade afgedwing (Bron 1B)
- Dit was die eerste ernstige krisis van die Koue Oorlog (Bron 1B)
- Verhouding tussen VSA en USSR het versleg (Bron 1B)
- VSA sien blokkade as 'n skending van menseregte
- USSR gedink dat hulle 'n strategiese oorwinning oor die VSA behaal het (Bron 1B)
- VSA het lugbrug ingestel om voorraad af te lewer/te voorsien
- Die lugbrug het die wêreld tot op die rand van oorlog gebring (Bron 1B)
- Amerikaanse vliegtuie het 'n verskeidenheid voorrade op 'n daaglikse basis aan Wes-Berlyn voorsien (Bron 1B)
- Die sukses van die lugbrug het gelei tot die beëindiging van die blokkade (Bron 1B)
- Rusland was agterdogtig en het die VSA van ondermynende gedrag beskuldig
- Enige ander relevante antwoord (8)

Gebruik die rubriek om die punt toe te ken.

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier. • Vraag nie beantwoord nie. • Gedeeltelike gebruik van bewyse om op vraag te reageer. • Min of geen begrip oor hoe die Berlynse blokkade die Koue Oorlogspanning tussen die VSA en Rusland verskerp het. • Kan nie reageer op vraag nie. 	0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp. • Gedeeltelike begrip oor hoe die Berlynse blokkade die Koue Oorlogspanning tussen die VSA en Rusland verskerp het. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier maar dit hou verband met die vraag. 	3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse wat relevant en gepas is. • Demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die Berlynse blokkade die Koue Oorlogspanning tussen die VSA en Rusland verskerp het. • Bewyse hou redelik goed verband met die vraag. • Bewyse word baie effektief gebruik in 'n georganiseerde paragraaf. 	6–8

(8)
[50]

VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALLE OP BEIDE SUID-AFRIKA EN ANGOLA?2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- SAW
- UNITA
- Angolese regeringsmagte
- Kubaanse magte (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Kubane meerderwaardig in die lug
- SAW het nie daarin geslaag om Cuito Cuanavale te verower nie
- Die Russies-vervaardigde vegvliegtuie het die Kubaanse magte die voordeel oor die SA-troepe gegee
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Die geveg het gelei tot die einde van 'n uitgerekte oorlog
- Suid-Afrikaanse troepe was onttrek uit Angola
- Het gelei tot vredesonderhandelinge
- Namibië het onafhanklik geword (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Deur in te gee sou 'n verleentheid gewees het
- Om die Suid-Afrikaanse publiek te paai
- Om die ware impak van die oorlog weg te steek
- Om die moraal van die weermag hoog te hou
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Die val van Cuito was naby
- Om Cuito te verdedig
- Om die SAW uit Angola te dwing (3 x 1) (3)

2.2.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]

- Die SAW was verslaan.
- Die vernederde en verleë SAW moes uit Cuito Cuanavale onttrek.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]

- Kuba het hul beste vliegtuie gestuur
- Hulle het hul beste vlieëniers gestuur.
- Mees gesofistikeerde lugafweergeskut
- Kuba het die mees moderne tenke ontplooi (4 x 1) (4)

2.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2A en Bron 2B – V2]

- SAW was vernietig in die lug deur die Kubaanse magte
- SAW se tekortkominge was ernstig ontbloot
- Kuba het die mees gesofistikeerde en gevorderde wapens ontplooi en SA het geen teenvoeter gehad nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 [Evaluering en analise van bewyse vanuit Bron 2C – V3]

- SAW uitgebeeld as helde
- Suid-Afrika wou waardigheid skep
- Skep die indruk van 'n doelbewuste en vrywillige onttrekking
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4.2 [Interpretasie en evaluering van relevante inligting vanuit Bron 2C – V3]

ONBETROUBAAR

- Die bron is eensydig en bevooroordeeld
 - Dit is 'n uitbeelding van gebeure vanuit 'n SAW-standpunt
 - Die bron dui op 'n oorwinning terwyl die historiese bewyse daarop aandui dat die SAW by Cuito verslaan was
 - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)
- 'n Antwoord wat aandui dat die bron betroubaar is moet nie aanvaar word nie.**

2.4.3 [Interpretasie en analise van bewyse vanuit Bron 2C – V3]

- Die bron is afkomstig vanaf die SAW en is ten gunste van hul doelstellings
- Die “oorwinning” kan nie bevestig word deur historiese bewyse nie
- Eensydige siening van die uitslag van die oorlog in Angola
- Enige ander relevante antwoord (1 x 3) (3)

2.5 2.5.1 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*

- Gedeklassifiseerde dokumente was gepubliseer om Amerika se bewerings te ontmasker
- Om die wêreld te wys dat die VSA nie eerlik was met hul betrokkenheid in Angola nie
- Om te wys dat die VSA lankal betrokke was in Angola voordat Kuba betrokke geraak het
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5.2 *[Evaluering en interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V3]*

KAN NIE GEREGERDIG WORD NIE

- Hulle wou hê die wêreld moet regverdiging sien vir hul aksies
- Die VSA wou gesien word as die beskermers van demokrasie
- Wou Kuba as die aggressor uitbeeld
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.6 *[Paragraaf – interpretasie, analise en evaluering van bruikbaarheid van inligting vanuit bronne 2B, 2C en 2D – V3]*

- Die Slag van Cuito Cuanavale het afwisselende resultate vir beide Suid-Afrika en Angola gehad
- Die betrokkenheid van Kuba het gelei tot die onttrekking van die SAW (Bron 2A)
- Kuba het die skaal ten gunste van Angolese regeringsmagte geswaai (Bron 2A)
- Kuba het gevorderde wapens tydens die slag van Cuito Cuanavale ontplooi (Bron 2B)
- SAW was verneder en oorskadu (Bron 2B)
- Militêre strateiste het die SAW aanbeveel om hul onttrekking te beheer en te bestuur (Bron 2B en Bron 2C)
- Die militêre leemtes van die SAW was blootgestel deur die Kubaanse regimente
- Cuito Cuanavale was die laaste strooi
- Angolese se regering was in staat om met die UNITA-magte af te reken wat sonder die ondersteuning van die SAW was (Bron 2B)
- Angola het 'n mate van stabiliteit ondervind
- Suid-Afrika se invloed het verminder
- Enige ander relevante antwoord (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier. • Vraag nie beantwoord nie. • Gedeeltelike gebruik van bewyse om op vraag te reageer. • Min of geen begrip oor die impak van die slag van Cuito Cuanavale op beide Suid-Afrika en Angola. • Kan nie reageer op vraag nie. 	0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp. • Gedeeltelike begrip oor die impak van die slag van Cuito Cuanavale op beide Suid-Afrika en Angola. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier maar dit hou verband met die vraag. 	3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse wat relevant en gepas is. • Demonstreer 'n deeglike begrip oor die impak van die slag van Cuito Cuanavale op beide Suid-Afrika en Angola. • Bewyse hou redelik goed verband met die vraag. • Bewyse word baie effektief gebruik in 'n georganiseerde paragraaf. 	6–8

(8)
[50]

VRAAG 3: HOE SUKSESVOL WAS DIE DESEGREGASIE VAN SKOLE IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, GEDURENDE DIE 1950's?

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3A – V1]*

- Segregasie in openbare skole was beëindig
- Skole was geïntegreer (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3A – V1]*

- Hy het die Afro-Amerikaanse studente verhoed om die skool binne te gaan
- Het gesweer om blanke belange te beskerm
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie en interaksie van bewyse vanuit Bron 3A – V2]*

- Hy was 'n rassis
- Faubus het nie geglo in ras-geïntegreerde skole nie
- Hy wou die blanke ouers tevrede stel wie teen rasse-integrasie was
- Faubus het die normale praktyk in die suidelike state uitgevoer – gesegregeerde onderwys
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.1.4 *[Interpretasie en analise van bewyse vanuit Bron 3A – V3]*

KAN TOT 'N GROOT MATE GEREGERDIG WORD

- Wet en orde moes by Little Rock herstel word
- Hy het die regte van die swart studente beskerm
- Die regering het hulle ondubbelsinnig toegewy daaraan dat hulle nie rassisme sou verdra nie
- Hy het federale wetgewing en die besluite van die hof deurgevoer met betrekking tot gelyke onderwys
- Faubus het 'n regverdige en wettige instruksie van die president verontagsaam
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.1.5 *[Analise en interaksie met inligting vanuit Bron 3A – V2]*

- Hy wou swart studente die reg ontsê tot gelyke onderwys
- Hy was nie gelukkig met die feit dat skole geïntegreer moet word nie
- Hy wou blanke voorregte beskerm
- Hy was bereid om die federale regering te ondermyn
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3B – V1]*

- Hulle het geïntimideerd gevoel
- Hulle was bang
- Hulle het kwesbaar gevoel omdat hulle deur 'n beledigende skare omring was
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2.2 *[Verduideliking van bewyse vanuit Bron 3B – V1]*

- Om Afro-Amerikaanse studente te verhoed om Sentraal hoërskool binne te gaan (1 x 2) (2)

3.3 *[Interpretasie van en interaksie met inligting vanuit Bron 3B – V2]*

- Beide bronne verwys na Faubus se teenkanting tot rasse-integrasie
- Beide bronne beeld die lede van die Nasionale Wag uit
- Beide bronne verwys na die feit dat swart studente verhoed was om die skool binne te gaan
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3C – V1]*

- Hulle hou plakkaat wat wys dat hulle teen rasse-integrasie was
- Vir hulle was rasse-integrasie amper soos kommunisme
- Hul gesigsuitdrukking beeld haat en woede uit
- Slegs blankes het deelgeneem in die optog
- Enige ander relevante antwoord (3 x 1) (3)

3.4.2 *[Interpretasie van inligting vanuit Bron 3C – V1]*

- Deelnemers was kwaad
- Geïrriteerd
- Aggressief
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.5 3.5.1 *[Verduideliking van bewyse vanuit Bron 3C – V1]*

- Hul aksies het die bevolking gemobiliseer
- Hul aksies het die suksesse van die Burgerlike Versetbeweging onderstreep
- Het die las om onderwys te integreer op hulle geneem
- Hulle was dapper pioniers
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.5.2 [Onttrekking van inligting vanuit Bron 3D – V1]

- Voorsien finansiële hulp aan behoeftige studente
- Hou seminare en forums om opvoedkundige sisteme te ontwikkel
- Lig die publiek oor die behoeftes in onderwys
- Laat plaaslike en nasionale regerings saamwerk om die gehalte van onderwys te verbeter (2 x 1) (2)

3.5.3 [Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3D – V2]

- Bron 3D vier die oorwinning van die *Little Rock Nine*
- Bron 3D wys die nalatenskap van die *Little Rock Nine*
- Die *Little Rock Nine* was as kampioene beskryf
- Hul opoffering was nie verniet nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.5.4 [Interpretasie en analise van bewyse vanuit Bron 3D – V3]

- Verwydering van institusionele rassisme was gerealiseer
- Viering van die oorwinning van geregtigheid oor ongeregtheid
- Dit het die gehalte van onderwys verbeter
- Universele toegang van onderwys
- 'n Nasie wat omgee vir die minder bevoorregtes
- Enige ander relevante antwoord (1 x 3) (3)

3.5 [Interpretasie, analise en sintese van inligting vanuit al die bronne om die mate van sukses van skooldesegregrasie te evalueer – V3]

- Die *Brown vs. Raad van Onderwys*, Topeka saak was 'n waterskeiding besluit vir die desegregrasie van opvoedkundige inrigtings (Bron 3A)
- Die *Little Rock Nine*-insident het die staat se toewyding tot die Hooggeregshof uitspraak getoets (Bron 3A)
- Die insident het die staat van Arkansas teenoor die federale gesag in opening laat staan (Bron 3A)
- Blanke ouers en leerlinge het die nege swart studente rassisties mishandel (Bron 3B)
- Eisenhower het verkies om die regte van alle Amerikaners af te dwing (Bron 3A)
- Die ondervindinge van die *Little Rock Nine*, het gewys dat die pad na ware rasse-gelykheid 'n lang vermoeiende een sou wees
- Alhoewel die nege studente uiteindelik by die skool ingeskryf was, het hulle konstante mishandeling en bevooroordeelheid ondervind, selfs vanaf die owerhede.
- Faubus het alle skole in Little Rock gesluit, maar sy pogings het misluk omdat al die skole later heropen was
- Die *Little Rock Nine*-stigting het die weë van verandering en die viering van hul nalatenskap gebly (Bron 3D)
- Ten spyte van al die uitdagings was skool-desegregrasie bereik (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse. • Vraag nie beantwoord nie. • Gedeeltelike gebruik van bewyse om te reageer op vraag. • Min of geen begrip van die mate van suksesvolheid van rasse-integrasie van skole in Little Rock. • Kan nie op die vraag reageer nie. 	0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp. • Gedeeltelike begrip van die mate van suksesvolheid van rasse-integrasie van skole in Little Rock. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier maar dit hou verband met die vraag. 	3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse wat relevant en gepas is. • Demonstreer 'n deeglike begrip oor die mate van suksesvolheid van rasse-integrasie van skole in Little Rock. <p>Bewyse hou redelik goed verband met die vraag.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bewyse word baie effektief gebruik in 'n georganiseerde paragraaf. 	6–8

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE**VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG – VIËTNAM****SINOPSIS**

Kandidate moet fokus op die konflik tussen Viëtnam en die VSA as 'n poging om die VSA se afdwinging van kapitalisme te weerstaan en die verwerping daarvan deur Viëtnam tussen die 1960's en 1970's. Kandidate moet verwys na die militêre en die finansiële mag van die VSA teenoor die voorneme en vasbeslotenheid van die mense van Viëtnam.

HOOF ASPEKTE**INLEIDING**

- Die inleiding moet fokus op die betrokkenheid van die VSA in Viëtnam en die verwerping daarvan deur die Viëtnamese bevolking. Die kandidate moet die sterkpunte van beide lande naasmekaar in die opstel stel. Kandidate moet die gedagtegang kortliks uiteensit deur aan te dui of hulle saamstem met die stelling, of nie.

UITBREIDING

- Na die Frans-Viëtnamese-oorlog was Viëtnam verdeel langs die 17^{de} Parallel, in Noord- en Suid-Viëtnam
- Noord-Viëtnam was onder 'n kommunistiese regime, terwyl Suid-Viëtnam onder 'n kapitalistiese regime was.
- VSA het onvoorwaardelike ondersteuning aan Suid-Viëtnam verleen
- Suid-Viëtnam was deur die korrupte en onpopulêre Ngo Dinh Diem geregeer
- *National Liberation Front* was gevorm en het 'n guerrilla-weermag gehad, die Vietkong
- Ngo Dinh Diem was omvergewerp – onstabiliteit in Suid-Viëtnam
- Vietkong het 'n verlengde veldtog begin om Viëtnam te verenig.
- China en Noord-Viëtnam het die Vietkong ondersteun.
- VSA het betrokke geraak – om die verspreiding van kommunisme in Suid-oos Asië te voorkom – die 'Domino Effek'
- Vietkong het voorrade verkry vanaf Noord-Viëtnam via die *Ho Chi Minh Trail*
- VSA se *Operation Rolling Thunder*
- Tet Offensief – "Khrushchev se Offensief"
- VSA se gebruik van chemiese oorlogvoering – *napalm*
- Amerikaanse publieke teenkating van die oorlog
- VSA hewige nederlae gelei
- VSA onttrek uit Viëtnam
- Die val van Saigon
- Amerikaanse siening van die oorlog
- Viëtnamese siening van die oorlog

SLOT

- Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot.

[50]

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA

SINOPSIS

Kandidate moet fokus op die suksesse en die uitdagings wat beide Tanzanië en die Kongo in die gesig gestaar het met spesiale verwysing na die politieke en ekonomiese sektore. 'n Deeglike kontekstualisering van die leerling se respons word verwag. Kandidate moet 'n deeglike vergelyking van die twee lande gee.

HOOF ASPEKTE

INLEIDING

- Die inleiding moet fokus op die vergelykende aard van die opstel waar die verskillende politieke en ekonomiese suksesse en uitdagings van die twee lande bespreek moet word.

UITBREIDING

Tanzanië

– Polities

- Tanzanië verkry onafhanklikheid vanaf Brittanje
- Verwerp neo-kolonialisme
- Aanvaarding van die Leierskapkode
- Eenparty staat sisteem aanvaar
- Verwerping van opposisie partye as nie-Afrika
- Bevordering van eenheid van Tanzaniërs en die verwerping van etnisiteit
- Bevordering van nederigheid in leierskap
- Ondersteuning vir Nyerere

– Verdoringsbeleid/Ujamaa

- Nyerere glo in Swart sosialisme
- TANU het die Arusha-verklaring in 1967 aangeneem
- Aanvaarding van ujamaa as die inhoud vir die Arusha-verklaring
- Implementasie van ujamaa
- Verpligtende beweging na ujamaa-dorpe
- Weerstand teen ujamaa deur die kleinboere
- Konsep van familieskap en gemeenskaplike boerdery
- Beperkings – mislukking van ujamaa en die ekonomiese impak daarvan
- Die impak van die IMF en die Wêreldsbanklenings op Tanzanië
- Staatmaak op kontantgewasse en die afname in voedselsekuriteit
- Sosiale suksesse
- Nyerere se erkenning van die mislukking van ujamaa

Kongo**–Polities**

- Kongo verkry onafhanklikheid vanaf België
- België misluk daarin om Kongo voor te berei vir onafhanklikheid
- Separatistiese ryk provinsie Katanga – gely deur Moise Tshombe
- Kongo nooit stabiliteit ervaar vanaf die begin nie
- Burgeroorlog vier dae na onafhanklikheid
- Teenkanting vir Patrice Lumumba vanaf Tshombe, Kasavubu en Mobutu
- Die separatistiese ambisies van Tshombe was 'n bron van konflik in die Kongo
- Lumumba was omvergewerp/onttroon
- Sluipmoord/teregstelling van Lumumba
- Aanvaarding van politieke mag deur Mobutu
- Diktatorskap en kleptokrasie in die Kongo
- Laurent Kabila werp Mobutu omver in 1997

–Zairianisasie van die ekonomie

- Kongo verkry onafhanklikheid vanaf België in 1960
- Vervanging van buitelanders met onervare Kongo nasionaliste
- Gebrek aan vaardighede lei tot die verval en agteruitgang van sleutel infrastrukture
- Kongo het aansienlike natuurlike hulpbronne – maar bly arm land
- Wanbestuur van die ekonomie onder Mobutu
- Korupsie en diefstal van staatsbronne
- Een-produk ekonomie nie lewensvatbaar
- Regering kan nie sy buitelandse skuld betaal nie
- In die 1970's was die inflasiekoers 100%
- Power/slegte infrastruktuur
- Ontwikkeling van elite klasse
- Kleptokrasie – regeer deur boewe/skelms

SLOT

- Kandidate moet argument saamvat met 'n relevante slot.

[50]

VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING PROTES IN DIE VSA IN 1950's TOT 1960's.**SINOPSIS**

Kandidate moet die essensiële filosofie van die Swartmagbeweging bespreek, hul taktiek soos dit verskil het vanaf die Burgerregtebeweging en die spesifieke rolle van Malcolm X en Stokely Carmichael.

HOOF ASPEKTE**INLEIDING**

- Inleiding moet fokus op die filosofie van die Swartmagbeweging, hul taktiek en die rolle van Malcolm X en Stokely Carmichael. Dit sal ook relevant en aanvaarbaar wees as kandidate die Swartmagbeweging en die Burgerregtebeweging naasmekaar stel.

UITBREIDING

- Segregasie in die VSA – kortliks
- Ongelykhede tussen swart en wit Amerikaners
- Verwerping van nie-geweldadige protes deur die Swartmagbeweging
- Afro-Amerikaners wat die Swartmagbeweging ondersteun het – het geglo dat die gebruik van geweld geregverdig kan wees – om gelykheid vir alle rasse te verkry
- Verwerping van die taktieke van die Burgerregtebeweging omdat dit die gebruik van nie-geweldadige weerstand bevorder
- Die verheffing van die stryd vir burgerregte tot 'n stryd vir menseregte
- Swartmagbeweging het Afro-Amerikaners aangemoedig om trots te wees op hul Swart erfenis
- Malcolm X was die hoofspreker van die beweging
- Malcolm X was 'n lid van die *Nation of Islam* – en was beïnvloed deur die leerstellings van Elijah Mohammad
- Malcolm X se politieke filosofie het die jeug beïndruk
- Hy sê dat die stryd vir burgerregte moet oorgaan in 'n stryd tot menseregte
- VSA aangekla word by VN vir sy menseregte-skendings
- Was beïnvloed deur sy pelgrimstog na Mekka, en hy het 'n nuwe benadering tot rasse-integrasie aangeneem
- Hy was geskors uit die *Nation of Islam*
- Hy vorm die *Organisation of Afro-American Unity* in 1964
- Hulle was minder militant – nie gewild met swart nasionaliste nie
- Sluipmoord op Malcolm X, 21 Februarie 1965
- Stokely Carmichael was 'n voormalige voorsitter van die SNCC
- Hy het geglo dat swartes nie hulself moet assosieer met blanke radikale rewolusionêre nie
- Carmichael deel van die leierskap van die Black Panther-party
- Sy siening van vrede en geweld
- “Eerste Minister” van die Black Panther-party
- Impak van die Black Panther-party

SLOT

Kandidate moet argument saamvat met 'n relevante slot.

[50]**TOTAAL: 150**